

BELEEF GOD

GROEIGROEP MATERIAAL

(Be)Leef God

God is altyd aan die werk....

God is alomteenwoordig...en Hy is aan die beweeg

As jy dink die Here is klaar met jou het jy dit mis.....

Jesus is ons model....

Ons is gestuurdes.....

Buitengewoon (Reeks boodskappe)

- 06 Feb 2022 - Die Realiteit
- 13 Feb 2022 - Die Verhouding
- 20 Feb 2022 - Die Uitnodiging
- 27 Feb 2022 - Die Heilige Gees
- 06 Mrt 2022 - Die Geloofskrisis
- 13 Mrt 2022 - Die Verandering

Uit Sondag se boodskap – 13 Februarie 2022

Lees Lukas 5:1-11

Here los my uit..... ek weet wat ek doen, ek is professioneel in my werk, ek hanteer van my omstandighede. Soveel verskonings en redes, hoekom daar nie nou tyd in jou besige dagboek is nie, hoekom dit nie die regte tyd vir ‘n intieme verhouding met God is nie.....

Die Here nooi jou om iets baie Groter te ervaar en beleef as wat jy tans het. Hy wil jou lewe as ’n platform gebruik om met jou, jou mense en jou wêreld in ‘n verhouding te tree, maar jy moet ontvanklik wees om iets te doen, (aksie te neem) en sy bonatuurlike voorsiening te ontvang. Hy wil hê jy moet Hom Be(Leef).

Vraag: Wat is die verhouding tussen die Ervaring van God en Gehoorsaamheid aan God?

Vraag: Wanneer jy in oorgawe aan God leef beteken dit dat jy alles moet verander wat jy doen, alle rasionele denke laat vaar, jou persoonlikheid in boet, ens.?

Vraag: Watter rol speel jou ingesteldheid in die vorige vraag?

God wil in verhouding met ons wees, ons vriend wees.....

Jou verhouding met God het baie verskillende aspekte: God is jou Skepper, Maker, Here en Meester, Regter, Verlosser, Vader, Redder en baie, baie meer. Maar die skokkende waarheid is
dit - Die almagtige God wil in verhouding, in vriendskap met jou wees. Hy wil jou lewenservaring gebruik, deel in elke aktiwiteit, deel in elke gesprek, deel in elke probleem. Hy wil hê jy moet elke gedagte met Hom deel.

Jesus se woorde aan Petrus was gevul met gesag. Die oomblik toe Petrus vir Jesus toelaat om inspraak op sy lewe te hê, sy raamwerk te verander, het hy Jesus se bonatuurlike voorsiening ervaar.

Dit is onmoontlik om God se vriend te wees, as jy nie weet wat Hy sê nie. Jy ontdek God se liefde en stem deur sy Woord te lees en te oordink. Die rede hoekom God Job en Dawid as sy intieme vriende beskou het, was omdat hulle sy Woord bo alle ander dinge geag het en dwarsdeur die dag dit oordink het.

Gebed laat jou met God praat, deur sy Woord te lees en oordink laat jy God toe om met jou te praat.

Vraag: Om bewus te wees van God se teenwoordigheid is ‘n vaardigheid, ‘n gewoonte wat jy ontwikkel. Bespreek wat dit prakties beteken om jou gedagtes in te oefen om aan God te dink?

Vraag: Wat is die verskille en ooreenkomste tussen kommer (bekommernis) en om God se Woord te oordink?

Vraag: Wat kan jy doen om jou daaraan te herinner om meer gereeld deur die dag aan God te dink en met Hom te praat?

Die hartseer van ons verhouding met die Here...ek kort nog net 'n bietjie meer geloof

1. Gaan weg Here.....dis nie nou dit die regte tyd nie, ek het te veel gesondig, my dagboek is te vol.....
2. Die man (die Here) kan my nog ryker maak..... behoefte aan mag, rykdom, aansien, ensovoorts.....
3. Waarop jy jou lewe bou....Jy bou jou lewe en verhouding met die Here rondom reëls, tradisies, wêreld gerigte fokus....

Ons raamwerke en logika is die meestal die grootste interne struikelblok in ons besef dat God ons sy bonatuurlike voorsiening en liefde wil laat ervaar. Al wat die Here vra is jou gewilligheid om in intieme verhouding met Hom leef.

Wanneer ons die Here toelaat om die platform van ons lewe te gebruik, wanneer ons in verhouding en opregte vriendskap met Hom leef dan verander ons lewe radikaal na 'n lewe van gewillige gehoorsaamheid en inspraak; ons laat toe dat Hy ons perspektief verander, ons raamwerke skud.

Vraag: Watter gebied van jou lewe hou jy van God af weg?

Net nog 'n bietjie meer geloof...ons is gestuurdes

Vraag: Bespreek die verband tussen geloof en gehoorsaamheid?

Lees 1 Johannes 3:23-24; Johannes 1:12

Vraag: Wat is die areas van gehoorsaamheid (en beloning) wat na vore kom in die teksgedeeltes? Skryf dit kortliks neer.

Lees 2 Petrus 3:9; 1 Timoteus 2:3-4

Vraag: Wat is die areas van gehoorsaamheid wat na vore kom in die teksgedeeltes? Skryf dit kortliks neer.

Kerk in Suid Visie

"Waar die Gees lewens en gemeenskappe verander"

Sluit af met gebed

As jy dink die Here is klaar met jou, het jy dit mis.

*Jou gewone lewe maak **BuitenGewoon** saak vir Hom.*

Be(Leef) God.

NOTAS